VERLENGDE INPERKING
HERDERSBRIEWE DEEL 2

01 MEI 2020
HERDERSBRIEF #13B

Geliefde gemeente,

Eerstens, wil ek dankie sê vir almal se samewerking. Dankie vir elkeen wat terugvoering gegee het.

Die aspek van **"VERLORE EN GEVIND"** is nie net, 'n uitdagende studieveld nie, maar ondersteun ons in ons geloof, dat die genadewerk wat God in elkeen van ons doen en begin het, ***voleindig sal word***. Selfs ten tye van beproewing, vervolging en verdrukking.

**JOB OP DIE ASHOOP**:

Vir hoe lank het Job op die ashoop gesit? Hy het sy vroue verloor; hy het sy kinders verloor; hy het al sy besittings verloor en hy het sy gesondheid verloor. Nogtans, het hy geloof behou – alhoewel hy baie vrae gehad het – en het die dag aangebreek in sy lewe, dat hy 'n besmette potskerf – waarmee hy sy wonde gekrap het – in die geloof opgesteek en uitgeroep het: ***Job. 19:25 "ek weet: My Verlosser leef".*** Uiteindelik, het hy vanuit eie denke en vrae, **ONGEAG EIE VERWAGTING EN BEHOEFTE**, met homself klaar gekry en vir sy vriende begin bid – ***Job. 42:10***. Dit het veroorsaak dat **hy teruggevind het dit wat hy verloor het**.

Wat was die geheim van Job se oorwinning? Hy moes op die plek kom, dat dit nie meer vir hom oor homself gegaan het nie: Job en sy vriende; Job en sy kinders; Job en sy vrou; Job en sy gesondheid; Job en sy materiële voorspoed. Hy het uiteindelik, die insig verkry dat sy geloof 'n doel moet dien en nie noodwendig oor homself sou gaan nie.

**'N TWEEDE VOORBEELD:**
***Mark. 10:28-30***

Die uitdaging in elkeen van ons se lewe is: om Christus meer gehoorsaam te wees as enige mens en om Christus eerste te stel. Hier gaan dit nie om 'n godsdienstige bedryf nie. Ook nie om 'n sosiale leefwyse: wat apart en privaat geskied – ten opsigte van kuier en persoonlike vriende – dit gaan om **DISSIPELSKAP**; dit gaan nie om Christenskap nie. Christenskap vra van ons geloof, om in die bestaan van Christus te glo, en nie so seer om Hom te volg nie*: "Ek glo in Hom; ek kan Hom selfs dank vir Sy versoeningswerk; en ek kan Hom dalk teatraal aanbid."* In Christenskap handhaaf ek my gesonde verstand, en is ek nie noodwendig onderworpe, en onder die beheer van die Gees van Christus nie. Enige vorm van besluitneming word onafhanklik beoefen as gevolg van logika. Ja, ek sal selfs die Here raadpleeg, maar my besluite is ooreenkomstig gesonde denke. Christenskap vra nie van my **"my alles op die altaar"** nie. In Dissipelskap – indien dit vereis sou word – is ek bereid om alles te verloor; alles te verlaat en het ons die belofte in ***Mark. 10*** om alles weer terug te vind – soos wat Abraham Isak teruggevind het.

EKD GENESIS SINCE 11 JANUARY 1984
15822 LYNN EAST 0039 SOUTH AFRICA
+27 12 543 0333
+27 12 567 7010
forum@ekdgenesis.com
www ekdgenesis.com
EKDGENESIS NPO1811131335

Die Genesis-sentrum op die hoek van Digby en Derde weg, is ‘n getuienis wat hardop uitroep en hierdie beginsel van **“VERLORE EN GEVIND”** bevestig.

Toe ek my verbondsring in Hong Kong verloor het, in ‘n stad van meer dan agt miljoen mense, het ek geweet dit is menslik onmoontlik om die ring ooit weer terug te vind. Ek het gebid, gevra en geglo. Ek moes ‘n tweede keer terug Hong Kong toe gaan, en wonder bo wonder die ring teruggevind. Ek glo dat dit ‘n profetiese manifestasie was, van dit wat God nou wil doen.

Ooreenkomstig ***Open. 12*** is ‘n derde van God se personeel deur Lucifer beïnvloed en geroof. Met die wederkoms van Christus, is dit Jesus se verwagting om baie ***“seuns”*** terug te bring na die Troonkamer – ***Heb. 2:10***.

In Openbaring, word die eerste brief aan die gemeente van Éfese gerig, dat die gemeente hul **Eerste liefde** verloor het – ***Open. 2:4***. Ek wil vir elkeen van u vra: het u nog dieselfde passie, dieselfde ywer, dieselfde liefde – soveel so dat jy bereid is om alles te verlaat en Christus te volg?

**Het jy jou eerste liefde verlaat?**

Ek wil graag saam met jou bid, dat jy die genade sal vind om hierdie saak, met God uit te klaar. Ek vertrou die Heilige Gees om jou te lei – nie om ‘n christen te wees nie, maar ‘n volgeling van Jesus te wees.

Liefdegroete,

Ds. J.F. Landmann
Presiderende Leraar

EKD GENESIS SINCE 11 JANUARY 1984
15822 LYNN EAST 0039 SOUTH AFRICA
+27 12 543 0333
+27 12 567 7010
forum@ekdgenesis.com
www ekdgenesis.com
EKDGENESIS NPO1811131335